NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante – No 6 – April 2006

Botter jou brood aan albei kante

– Kry nou kontant én deel in prysstygings

Produsente kan deur NWK se Najaar-Indeksfonds™ onmiddellik kontant in die sak kry en nog steeds in die voordeel van opwaartse prysbewegings deel. Die Najaar-Indeksfonds™ is aan die einde van verlede seisoen bekend gestel en produsente kan nou weer hiervan gebruik maak.

Moet dit egter nie met die Voorjaar-Indeksfonds™ verwar nie.

Wat is die verskil?

Die Najaar-Indeksfonds™ is beskikbaar vir produsente wat graag ná lewering op 'n gestruktureerde wyse wil deel in opwaartse prysbewegings ná oestyd, maar nie afwaartse prysrisiko wil aantrek nie.

Die Voorjaar-Indeksfonds™ is gemik op die behoefte van produsente wat in die voorseisoen reeds 'n minimumprys wil kontrakteer en die koopprys finaliseer voordat lewering later in die seisoen sal plaasvind. *(Vir meer inligting lees die berig in die Desember-uitgawe van* NWK Koördinaat*).*

Voordele van die Najaar-Indeksfonds™

- Kontantvloei is onmiddellik beskikbaar wanneer die graan gelewer word.
- Deelname aan die fonds bied die geleentheid om in opwaartse prysbewegings later in die seisoen te deel.
- Prysvasstelling geskied op grond van 'n gestruktureerde model: emosie speel geen rol in besluitneming nie.
- Prysvasstelling geskied in 'n periode wat volgens historiese gegewens die beste resultaat behoort te lewer.
- Die produsent het verskeie keuses met betrekking tot hoe die verkoopprys gefinaliseer word om individuele behoeftes aan te spreek.

Só werk die fonds

Die produsent kontrakteer om 'n bepaalde tonnemaat witmielies aan NWK te lewer. 'n Minimumprys word by kontraktering bepaal en by lewering as 'n eerste betaling aan die produsent uitbetaal. Die vasstelling van die finale verkoopprys geskied op 'n gestruktureerde wyse aan die hand van die geweegde gemiddelde prysvlak van die Maart 2007 witmieliekontrak op Safex oor die periode vanaf 1 Desember 2006 tot 20 Februarie 2007.

Die minimumprys van die graan word by kontraktering bereken as die prys waarteen die naaste verhandelbare termynkontrak aan die datum van lewering op Safex verhandel, minus die vervoerdifferensiaal na die plek van lewering, minus die strategiekoste.

Finale koopprys

Die finale koopprys word soos volg bepaal:

By kontraktering word die trefprys vasgestel op basis van die prys waarteen die Maart 2007 witmieliekontrak verhandel. Vir elke verhandelingsdag gedurende die periode 1 Desember 2006 tot en met 20 Februarie 2007 waarop die Maart 2007 witmieliekontrak hoër as die trefprys sluit, word 'n inskrywing van die betrokke prysvlak ("mark to market"-prys) gemaak.

Elke verhandelingsdag gedurende die periode vanaf 1 Desember 2006 tot 20 Februarie 2007 wat die Maart 2007 witmieliekontrak laer of gelyk aan die trefprys sluit, word 'n inskrywing van die vlak van die trefprys gemaak.

Op 20 Februarie 2007 word die produkopbrengs bereken as die verskil tussen die gemiddelde van al die prysinskrywings wat vanaf 1 Desember tot 20 Februarie gemaak is en die trefprys wat by kontraktering bepaal is.

Die verskil kan nie negatief wees nie, wat beteken dat die produsent nie minder as die minimumprys kan realiseer nie. Die koopprys word gefinaliseer as die minimumprys plus 90% van die produkopbrengs.

Na bl. 3

Herstelwerk sonder rente

Produsente kan nog tot aan die einde van April van NWK se rentevrye herstelwerk-aanbieding by die werkswinkels gebruik maak. Laat doen nou herstelwerk aan trekkers of stropers en betaal geen rente tot 1 September 2006 nie.

NWK
U tevredenheid is ons trots

NWK KAN JOU HIERMEE HELP

– Bates Booyens,
Grondkundetegnikus, Landboubestuursdienste

Grondkartering is 'n instrument wat die produsent kan gebruik om ingeligte besluite oor sy grondbenutting te kan neem. Dit behels die identifikasie en geografiese ligging van grondeienskappe en die groepering van redelik homogene grondliggame in grondeenhede met dieselfde grondeienskappe om sodoende bestuurseenhede te vorm.

Grondkartering word as 'n pakketdiens deur Landboubestuursdienste aan die produsent gebied. Verskillende vlakke van grondkartering kan gedoen word, naamlik:

Verkenningsopname (Potensiaalopname):

Dit is 'n lae-intensiteitsopname wat daarop gerig is om 'n waardebepaling van 'n plaas te doen met die oog op grondaankope of die berekening van geskikte huurtariewe.

Semi-detail grondkartering

Die doel hiervan is om 'n boerderyplan daar te stel wat gebaseer is op die semi-detail grondkaart, waar elke grondeenheid aangewend word waarvoor dit die meeste geskik is. Hierdie vlak van kartering is meer geskik vir die beplanning van aangeplante weiding en natuurlike veld.

Detail grondkartering

Detail grondkartering word by uitstek aangewend vir die beplanning van lande. Elke grondeenheid word aangewend waarvoor dit die beste geskik is.

Ten slotte

Aangesien die grond op plase die enigste natuurlike hulpbron is wat 'n produsent tot sy voordeel kan bestuur, is dit noodsaaklik om te weet wat die hulpbron se potensiaal is. Hierdie potensiaal kan slegs deur grondkartering bepaal en gekwantifiseer word. Met die grondkartering uitgevoer, kan marginale gronde aan produksie onttrek word, aangeplante weidings op geskikte gronde gevestig word en natuurlike weiding optimaal benut word.

Navrae

Vir meer inligting kan Bates Booyens by Landboubestuursdienste gekontak word by (018) 633-1148 of *bates@nwk.co.za.*

Wenke vir die boer

Gedurende April en Mei moet produsente aan die volgende aspekte aandag gee:

Veekunde

- Maak reg vir die komende lamseisoen – maak seker wanneer die eerste ooie lam sodat hulle dopgehou kan word.
- Spuit skape teen bloednier voordat hulle gestroopte lande begin benut.

Weidings

- Maak seker dat sodra die weidings begin afneem, winterlek saam met die somerlek vir sowat drie tot vier weke gegee word.
- Maak seker die weidings vir die wintermaande word nie verder benut nie, sodat dit kan uitgroei.

Oorlêlande

- Lande wat deur die somer skoongehou is kan, indien nodig, nou reeds diep gerip word.
- Vuil lande moet so vinnig moontlik skoongemaak word (chemies of meganies).
- Hardnekkige probleemonkruide, soos kweek, moet nou beheer word. Glifosaat gee goeie resultate.

Kontantgewasse

- Alle beplande aktiwiteite behoort afgehandel te wees.
- Die oesproses op sekere gewasse begin reeds. Let daarop dat gewasse nie te veel afdroog voor dit gestroop word nie – dit veroorsaak verliese.
- Lande wat nat genoeg is kan reeds direk ná stroop primêr bewerk word.

Rekordhouding is belangrik

Rekordhouding was nog altyd een van die aspekte in boerdery wat die meeste produsente nie baie geniet nie. Sommige produsente sal eerder beeste gaan spuit as om 'n uur of twee agter die rekenaar in te skuif.

Nou is die vraag: Hoekom is rekordhouding so belangrik? In kort is die antwoord dat jy nie 'n aspek kan bestuur indien dit nie gemeet word nie.

Die belangrikheid van rekordhouding kan soos volg opgesom word:

- Dit verskaf inligting oor die winsgewendheid van vertakkings.
- Dit verskaf gelykbreekpunte van vertakkings wat belangrik is in die bemarking van produkte.
- Dit verskaf die nodige inligting om beplanning vir die volgende seisoen meer akkuraat te kan doen.
- Dit kan handig gebruik word by die beplanning van nuwe uitbreidings.

Die onderskeie metodes van rekordhouding is onder meer:

- Handmetode.
- Rekordhouding met behulp van die rekenaar en bestuursprogramme soos Simfini.

Rekordhouding met behulp van rekenaars raak deesdae al hoe meer die norm en verskeie suksesvolle boerderye word op hierdie basis bestuur. Die uitdagings waaraan landbou onderwerp word, noodsaak 'n deurlopende beskikbaarheid van bestuursinligting en die rekenaar leen hom uitstekend daartoe om die produsent van hierdie inligting te voorsien.

Landboubestuursdienste bemark en ondersteun 'n aantal toepaslike sagtewarepakkette. Navrae hieroor kan gerig word aan Petrus Boshoff by (018) 632-1156 of *petrus@nwk.co.za.*

Bestuursinligting kan met die druk van 'n knoppie tot jou beskikking wees.

Foto: Shutterstock

Silodienstariewe is baie billik

Hoewel die afskaling in mielie-aanplantings in die huidige seisoen druk op NWK se inkomste uit silodienste plaas, is daarin geslaag om die silodienstariewe vir die 2006/2007-leweringseisoen weer eens baie min te laat styg. Sekere silodienstariewe styg glad nie en daar is selfs tariewe wat daal.

Volgens Jan Grobbelaar (Direkteur: Graanbedryf) moes aanpassings in die tariefstruktuur ongelukkig aangebring word omdat silo-eienaars deur die Mededingingswet genoop word om enige moontlike diskriminerende praktyke te staak.

"Dit raak aspekte soos kortings en plafonbedrae wat net vir sekere gebruikers (byvoorbeeld produsente) gegeld het. Alle silogebruikers gaan dus voortaan deur NWK oor dieselfde kam geskeer word. Daar is gepoog om die negatiewe effek hiervan op die produsent tot die minimum te beperk," verseker Jan produsente.

Die hanterings- en opbergingstariewe van die vernaamste produkte beloop die volgende:

Produk	Hantering	Opberging	
		Dagtarief	Plafontarief
	(R/ton)	(R/ton/dag)	(R/ton)
Mielies	28,00	0,38	46,00
Sonneblom	60,00	0,76	71,00
Sorghum	45,00	0,42	42,00
Koring	46,00	0,48	58,00

Alle tariewe sluit BTW uit. Die dagtarief en plafontarief is ook van toepassing op oordragvoorraad.

Tariewe vir die hantering en opberging van ander produkte, sowel as die tariewe van NWK se ander silodienste, is op aanvraag by NWK se Hoofkantoor beskikbaar.

Navrae

Skakel gerus u naaste Depotbestuurder of vir Kobus van den Berg, Willie de Beer, Pieter Venter, Pieter Olivier of Johan Vorster van NWK Graandienste by (018) 633-1001 indien jy enige verdere inligting benodig.

Grondbonepoele vir die seisoen afgesluit

Die grondbonepoelrekeninge van die 2005/2006-leweringseisoen is afgehandel en die surplusse van die onderskeie poele word by wyse van agterskotte aan die poeldeelnemers uitbetaal.

Die volgende agterskotte is uitbetaal:

Graad	Kommersiële poel (R/ton)	Saadpoel (R/ton)
Keur 40/50	1 000	1 700
Keur 50/60	1 000	1 700
Keur 60/70	1 000	1 700
Keur 70/80	800	1 500
Standaard	700	1 400
Diverse	400	1 100
Pers	570	911

Die agterskotte is op 20 Maart 2006 teen poeldeelnemers se rekeninge gekrediteer en tjeks is vanaf 22 Maart by die Kredietdepartement beskikbaar waar van toepassing.

NWK bedank graag sy klante vir hul ondersteuning die afgelope jaar. Skakel Johan Vorster by NWK se Hoofkantoor by (018) 633-1090 vir enige navrae.

Skuiwe in Graandienste

Leon Breedt, Depotbestuurder op Groot Marico, is vanaf 1 Maart 2006 oorgeplaas as Depotbestuurder op Lusthof. Baie geluk en sterkte met die nuwe verantwoordelikhede.

Botter jou brood aan albei kante

Van bl. 1

Keuses

'n Produsent kan hierdie produk wysig om by sy individuele behoeftes aan te pas. Die volgende keuses is beskikbaar:

Keuse van prysingsdatum

Teen 'n koste van R5/ton beskik die produsent oor die reg om ter enige tyd tot en met 20 Februarie 2007 die tonnemaat waarvan prysinskrywings nog nie gemaak is nie, finaal te prys. Indien hierdie opsie uitgeoefen word, sal 'n verdere R5/ton gehef word ten opsigte van die tonnemaat waarop die opsie uitgeoefen word.

R100/ton uitgestelde prysing

Die berekening van die gemiddelde prys gedurende die periode 1 Desember 2006 tot en met 20 Februarie 2007 sal slegs 'n aanvang neem indien die prys gedurende die periode gelyk is aan of meer is as die trefprys plus R100/ton.

Prysing teen die hoogste prysvlak vir die dag

Gedurende elke verhandelingsdag (vir die periode vanaf 1 Desember 2006 tot en met 20 Februarie 2007) wat die Maart 2007 witmieliekontrak hoër as die trefprys sluit, word 'n inskrywing van die hoogste verhandelingsprys vir die betrokke dag (en nie die "mark to market"-prys nie) gemaak. Hierdie keuse is teen 'n koste van R10/ton beskikbaar.

Navrae

Vir meer inligting skakel gerus jou NWK Graanhandelaar by (018) 633-1030.

Lees gerus in die Junie-uitgawe van* NWK Koördinaat *meer oor die silosertifikate wat voortaan ook elektronies beskikbaar sal wees.

DIREKTEURE TREE AF

Die ampstermyne van die Direkteure Lemmer Vermooten (wyk 2), Willie Conradie (wyk 3), Fanie Wessels (wyk 5) en Wilco Beukes (wyk 10) verstryk vanjaar na afloop van die Algemene Jaarvergadering van NWK Beherend Beperk.

Lemmer en Fanie het hulle weer verkiesbaar gestel, maar Wilco is nie weer verkiesbaar nie. Willie lê sy amp neer as gevolg van die ouderdomsperk.

Sou dit nodig wees om vanjaar wyksverkiesings te hou, sal dit op 7 en 8 Junie gehou word.

Vir meer inligting skakel Johan Steyn (Sekretaris) by (018) 633-1160.

Beskerm jouself

Klante wat voortaan van NWK se debiteurekaart gebruik maak kan gerus wees dat geen ongemagtigde persone op sy rekening aankope sal kan doen nie.

Dit volg nadat die Direksie gedurende Februarie 2006 'n voorstel vir 'n debiteurekaart goedgekeur het. Hiervolgens moet die kaart vir identifisering by NWK se bedryfspunte getoon word voordat kredietaankope per debiteure-/klantnommer kan plaasvind.

Meer besonderhede oor die funksionering van die kaart sal, sodra die stelsels in plek is, beskikbaar gestel word.

Só verhandel aandele

Die volgende aandele het vanaf 23 Januarie tot en met 3 Maart deur middel van NWK se makelaar, Barnard Jacobs Mellet en Kie (Edms) Bpk in Kaapstad, verhandel:

NWK Beperk

Aantal	Prys/aandeel
81 827	R2,75
15 000	R2,80
96 827	

NWK Beherend Beperk

Aantal	Prys/aandeel
9 016	R1,60
9 016	

Verhandelingskamer

Belangstellende kopers en verkopers kan NWK se makelaar skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop. Skakel Christiaan Fourie by dié tolvry nommer: 0800 778 778.

Rentekoers laat produsente glimlag

'n Baie mededingende rentekoers vir die finansiering van huurkoopitems is tydens die Direksievergadering van 21 Februarie 2006 goedgekeur.

NWK Beperk finansier die volgende:

Item	Deposito	Termyn
Nuut		
Trekkers	20%	5 jaar
Stropers	20%	5 jaar
Implemente met aankoopprys bo R75 000	20%	5 jaar
Implemente met aankoopprys onder R75 000	20%	3 jaar
Besproeiingstoerusting	50%	5 jaar
Bakkies (nie dubbelkajuit nie)	20%	4 jaar
Tweedehands		
Trekkers en stropers (1997 - 2006)	30%	3 jaar

- Waar trekkers en stropers ouer as nege jaar is, kan finansiering in meriete gevalle met 'n hoër deposito oorweeg word.
- Geen finansiering van BTW word gedoen nie.
- Teen 'n vaste rentekoers kan nuwe trekkers, stropers en implemente ook op die basis van 'n 50% deposito aangekoop word met die daaropvolgende paaiement 30% plus rente van die koopsom en die finale paaiement 20% plus rente van die koopsom.

Navrae

Gesels gerus met jou Meganisasietakbestuurder of skakel die Kredietdepartement by Hoofkantoor hieroor. Die keuse van 'n vaste of wisselende koers is ook van toepassing.

Op hulle pos...

NWK se Registrasie-afdeling (ook bekend as die Pos-afdeling) is verantwoordelik vir die invordering, sortering en aflewering van NWK se pos by die verskillende bedryfspunte en werkstasies.

Posstukke wat ontvang word, word twee keer per dag met behulp van vier bodes per trollie deur Hoofkantoor versprei en die uitgaande pos word terselfdertyd versamel. Die pos word dan gesorteer vir verspreiding na die bedryfspunte of vir versending deur die Poskantoor.

NWK het 87 bedryfspunte met Syferbult in die ooste en Vergelegen in die weste as die verste punte. Al hierdie punte word sover moontlik twee keer per week deur twee posmotorbestuurders besoek om pos af te lewer en ook te ontvang. Pos en pakkies wat klante aan Hoofkantoor wil stuur, word ook met graagte vervoer. Die posmotors lê maandeliks gesamentlik ongeveer 11 000 km af.

Verder bewaar Registrasie ook dokumente. Twee groot instapkluise word gebruik om belangrike dokumentasie, soos koop- en huurkontrakte asook ou tjeks, te bewaar.

Die Registrasie-afdeling se span staatmakers: Petrus Dikokwe, Stephen Nokane, Dreyer Botswe, Richard Louw, Philip van Niekerk (Bestuurder: Kantoordienste) en Alta van Antwerpen. Anel Roode was afwesig.

Een van die grootste probleme waarmee Registrasie te doen kry, is posstukke of pakkies wat nie aan 'n spesifieke persoon of Departement geadresseer is nie en dan noodgedwonge oopgemaak moet word om die korrekte aflewering te bespoedig en te verseker.

New Holland en Case in een stal

Northmec, verspreider van Case-produkte in Suid-Afrika, het verlede jaar aangekondig dat hulle 100% aandeelhouding in New Holland SA bekom het. Dié ooreenkoms sal van krag word sodra sekere voorwaardes nagekom en toestemming deur die Mededingingskommissie verleen is.

Volgens Dirk Lotter (Direkteur: Handel) bring dié ooreenkoms twee van die grootste name in landboumasjinerie, New Holland (wat onder andere deur NWK versprei word) en Case (wat deur Northmec versprei word), as invoerder bymekaar. "Dit beteken dat CSE Equipment Company, waarvan Northmec deel vorm, voortaan een van die land se grootste invoerders van trekkers, stropers en ander werktuie sal wees," verduidelik Dirk.

Hy het NWK klante verder gerus gestel dat die status quo gehandhaaf gaan word en dat die twee vervaardigers steeds hul produkte deur hulle bestaande handelaarsnetwerk sal bemark. "Op die lang duur behoort die ooreenkoms ook 'n finansiële voordeel vir die klant in te hou omdat die kostestruktuur laer is. Daar is byvoorbeeld nou net een hoofkantoor in Suid-Afrika terwyl die produkte steeds deur twee kanale bemark word. New Holland SA is nou ook deel van 'n groter maatskappy wat op die aandelebeurs genoteer is," sê Dirk.

Klante kan steeds dieselfde goeie diens as in die verlede van NWK en New Holland verwag.

WIKKEL MET DAAI WEIDING

Produsente wat daaraan dink om winterweidingsgewasse aan te plant, sal moet opskud. Volgens Johan Verwey (Bestuurder: Saad) kan produsente in hierdie laat stadium nog rog, hawer en korog aanplant. "Oorweeg dit veral op daardie lande wat geneig is om lank nat te bly," sê Johan.

"Volgens terugvoer wat ons van produsente gekry het, is rog veral 'n goeie opsie. Rog se biomassa neig om meer as hawer en selfs korog te wees en dit kan met groot sukses in die koeler gedeeltes van ons streek aangeplant word," aldus Johan.

Produsente is welkom om die Saad-afdeling by (018) 632-3023 te skakel as hulle enige navrae in dié verband het.

Gesels met dié meganisasie-manne

Tot en met die aanstelling van 'n nuwe Bestuurder vir die Meganisasiedepartement kan produsente, as hulle enige navrae of probleme het, met Dirk Lotter (Direkteur: Handel) of Hennie Smit (Administrasiebestuurder: Meganisasie) gesels. Skakel Dirk by (018) 633-1178 en 082 577 0151 of Hennie by (018) 633-1187 en 072 371 6167. Jou Meganisasietakbestuurder kan jou ook van hulp wees.

'n Man wat 'n verkeerde roeping kies, is nes 'n boer wat sy kliprante omploeg en sy geil grond laat leeglê.

– CJ Langenhoven

Personeel-skuiwe

Baie geluk aan Louw Coetzer (voorheen die Winkelbestuurder: Buhrmannsdrif) met sy aanstelling as die Bestuurder by die nuwe Econobuild op Mafikeng wat teen einde Maart besigheid sal begin bedryf van dieselfde terrein as NWK se graandepot.

Madibogo brei uit

NWK Handel gaan voortaan ook 'n groothandel-afdeling op Madibogo uit die bestaande handelswinkel bedryf. Plaaslike handelaars in die omgewing kan sedert die middel van Maart by dié handelswinkel verbruikersware in grootmaat aankoop.

Volgens Henk le Roux (Bestuurder: Handel en Kunsmis) is daar heelwat tradisionele plaaswinkels in dié omgewing en daarom het Handelbestuur besluit om die bestaande handelswinkel op Madibogo uit te brei. "Addisionele rakke en yskaste is ingesit en personeel is aangestel om ook die plaaslike handelaars te bedien," sê Henk.

Promosies in vooruitsig

Verdryf die koue dié winter met NWK Handel se spesiale winterpromosies:

- Jag- en slagprodukte
- Oes- en baalprodukte
- Verwarmingsprodukte

Hou die pers gedurende April en Mei dop vir meer inligting oor dié spesiale winterpryse by NWK se handelswinkels.

Wen 'n bootreis!

Foto: Shutterstock

Koop nog tot 17 April 2006 enige Falcon produkte, soos 'n hooimaker of bossiekapper, aan en staan die kans om 'n bootreis vir twee persone op die luukse Monterey te wen. Gesels gerus met jou Meganisasietakbestuurder vir meer inligting oor dié kompetisie.

Groter koringaanplantings verwag

Koringaanplantings in die 2005-seisoen was hoër as gewoonlik. Volgens Johan Verwey (Bestuurder: Saad) het die Saad-afdeling verlede jaar 19 000 sakkies saad teenoor die vorige jaar se 11 000 sakkies saad verkoop.

"Ons voorsien dat koringaanplantingsyfers vanjaar nog hoër as gewoonlik gaan wees weens die onsekerheid in die mieliemark, maar dan moet die prys van koring ook saamspeel. Produsente word aangeraai om vroegtydig hulle saadbestellings te plaas om te verseker dat hulle saad van hul eerste keuse kultivar kry," sê Johan.

Hy nooi ook produsente om met die Saad-afdeling se personeel te gesels oor die verskillende koringkultivars, planttye en saaidigtheid. Skakel die Saad-afdeling by (018) 632-3023.

TYD VIR 'N NUWE BAADJIE

Die jaarlikse opknappings- en instandhoudingswerk aan die Vloeibare Kunsmisaanleg sal gedurende Maart, April en Mei gedoen word. Dan word al die staalstrukture oorgeverf, die damme geïsoleer en ou onderdele met vlekvrye staalonderdele vervang.

"Ons spandeer jaarliks duisende rande aan instandhouding. Dit is ongelooflik hoe vinnig verwering en korrosie as gevolg van die kunsmis plaasvind. Ons probeer om die instandhoudingswerk te doen voordat ons met die produksie van voorraad en verwerking van grondstowwe vir die nuwe plantseisoen begin," verduidelik Dewald Steyn (Fabrieksbestuurder).

Produsente kan egter steeds bestellings plaas vir spoedige aflewering indien 'n behoefte sou opduik. Skakel Dewald by (018) 632-4690.

Moeilike, maar uitstekende seisoen

Dat dit gewis 'n vreemde seisoen was, is nie te betwyfel nie. Hiermee kan personeel van die Vloeibare Kunsmisaanleg beslis saamstem. Hulle het byvoorbeeld gedurende Junie, Julie en Augustus verlede jaar die hoogste leweringsyfer in vyf jaar gehad terwyl hulle in September, Oktober en November die laagste leweringsyfer in vyf jaar getoon het!

"Die laat seisoen het veroorsaak dat ons 'n baie kort leweringstydperk gedurende die plantseisoen gehad het. Waar ons gewoonlik vir tien weke baie besig met aflewerings is, moes ons dit dié seisoen in 'n maand doen," vertel Dewald Steyn (Fabrieksbestuurder).

"Ons wil graag ons klante bedank vir hulle ondersteuning die afgelope seisoen. Ons het 'n uitstekende jaar gehad en wil glo dat ons tydige aflewerings en goeie formulasies tot ons sukses bygedra het. Daar was wel probleme met die hoër stikstofmengsels wat 'n hoë ammoniumnitraatvlak het, maar ons kon gelukkig die probleem betyds aanspreek. Ons sal tydens ons volgende mini-boeredae meer inligting oor dié mengsels en probleme gee," sê Dewald.

"Ons topverkoper wat vanjaar groot veld as kantbemesting gewen het, was N-Top(20). Die samestelling van hierdie mengsel en realistiese prys het dit baie gewild onder produsente gemaak," sê hy.

Ontleed en weet

Produsente word aanbeveel om nou reeds op oorlêlande, of ná die stroopseisoen wanneer dinge op die plaas bietjie rustiger is, grondmonsters te laat neem en ontledings te laat doen. Sodoende kan jy bepaal wat die voedingstatus van jou grond is, om nou reeds vir die komende seisoen te begin beplan.

"Dit is veral belangrik om grondontledings op oorlêlande te laat doen om te bepaal hoeveel kalk toegedien moet word," sê Henk le Roux (Bestuurder: Handel en Kunsmis). Skakel gerus jou naaste NWK/Omnia-verteenwoordiger vir die neem van grond-, blaar- en sapmonsters vir laboratoriumontledings en gepaardgaande bemestingsadviesdienste.

Die ontledings word baie profesioneel by Omnia se laboratorium op Sasolburg gedoen en interpretasie van resultate word deur ons kundige personeel met die produsent op sy plaas bespreek.

Kontakbesonderhede

Landboukundiges			
Anton Schulenburg	**083 262 3628**	**Philip Venter**	**082 496 1144**
Verteenwoordigers			
Hannes van Rensburg (Sannieshof, Rooigrond, Nooitgedacht, Jagersfontein en noordwes van Lichtenburg)	**082 578 2754**	**Frik Oberholster** (Grootpan, oos van Lichtenburg, regs van die Zeerustpad tot by Ottoshoop en Skuinsdrif)	**083 271 0645**
Pieter van Wyk (Coligny, Bodenstein, Bospoort en Oppaslaagte)	**082 871 7506**	**Hennie Grové** (Delareyville, wes van Ottosdal, Sannieshof, Barberspan, Migdol, Geysdorp en suid van Kameel)	**083 389 1212**
Danie Reichel (Gerdau, Vermaas, Biesiesvlei en Kleinharts)	**083 271 0124**	**Jaco Viljoen** (Mareetsane, noord van Kameel, Stella, Piet Plessis en Vergeleë)	**082 781 1015**
Johan de Bruto (Koster, Magalies tot Grootpan/Swartruggens)	**083 703 2748**		

Biodieselaanleg in bedryf gestel

NWK se biodieselaanleg is sedert middel-Februarie in produksie en ongeveer 4 000 liter biodiesel kan hier per week uit sonneblomolie vervaardig.

Alhoewel die aanleg vir navorsingsdoeleindes gebou is, is dit moontlik om biodiesel in die aanleg onder kommersiële omstandighede te vervaardig. Vir eers word optimale produksieparameters hier bepaal.

Bert Prinsloo (Besturende Direkteur: Epko) verduidelik dat daar alreeds veranderinge aan die vervaardigingsproses aangebring is om die proses meer vaartbelyn te maak.

"Ons het byvoorbeeld gevind dat dit beter is om 'n reeds gemengde katalisator te gebruik in plaas van om die katalisator self te produseer. Deur dit te doen, word oormatige seepvorming uitgeskakel wat veroorsaak dat biodieselverliese tot 'n minimum beperk word," verduidelik Bert.

NWK gebruik reeds sedert middel-September verlede jaar biodiesel in een van hulle bakkies en beplan om ook een van hulle vragmotors om te skakel om die effek van die biodiesel op die vragmotor se enjin te toets.

Die Direkteure het na afloop van die Direksievergadering in Februarie 'n draai by die aanleg gemaak om hulself van die prosesse te vergewis.

Epko brei produksie uit

Epko sal vanaf April vanjaar begin met die verfyning van mieliekiemruolie op Lichtenburg. Dit volg na die onlangse voltooiing van die nuwe verfyningsaanleg hier.

"Die verfyningsaanleg op Lichtenburg wat so pas voltooi is, het 'n bleiker in wat die aanleg in staat stel om mieliekiemruolie te verfyn terwyl ons steeds sonneblomolie in Johannesburg sal verfyn," verduidelik Bert Prinsloo (Besturende Direkteur: Epko).

"Die aanleg op Lichtenburg sal aanvanklik slegs mieliekiemruolie verfyn, maar daar word beplan om in die toekoms ook sojaruolie hier te verwerk," sê Bert.

Opbergingsfasiliteite

Epko het ook terselfdertyd hulle opbergingsfasiliteite vir sonneblomoliekoek op Lichtenburg vergroot. Volgens Bert is die opbergingsfasiliteit met 1 000 ton uitgebrei. Die oorspronklike opbergingsfasiliteit van 375 ton sal gebruik word om mieliekiemoliekoek in op te berg, terwyl die addisionele 1 000 ton vir sonneblomoliekoek gebruik gaan word.

Semels voortaan in losmaat verkoop

Klante moet daarop let dat hulle vanaf Meimaand mielie- en koringsemels slegs in losmaat by Noordfed kan aankoop. Geen semels sal meer in sakke verkoop word nie.

"Klante sal vroegtydig hul vragmotors asook opbergingsfasiliteite hierby moet aanpas," waarsku Bennie Joubert (Bestuurder: Noordfed). "Die verkoop van semels in losmaat is deesdae 'n algemene tendens in die meulenaarsbedryf en die meeste klante is hiervoor ingerig," sê Bennie.

Aan stuur van sake

Baie welkom aan Brian Grainger wat sedert Desember verlede jaar Noordwes Voere se nuwe Logistieke Bestuurder is. Brian het sy Nasionale Diploma in Aankoop Logistiek aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie behaal waarna hy in Rustenburg by twee groot melkerye gewerk het en verantwoordelik was vir die logistieke bestuur van dié besighede.

Direksie dán byeen

Die volgende Direksievergadering sal op Dinsdag, 2 Mei 2006 plaasvind.

HOEKOM BY 'N HANDELAAR LAAT DIENS?

'n Mens vra jouself dikwels die vraag af: Hoekom moet jy jou motor by 'n handelaar laat diens en nie sommer by enige "back yard mechanic" nie?

Louis Lange (Handelaarshoof: Noordwes VW) verduidelik waarom dit belangrik is om jou voertuig by 'n motorhandelaar te laat diens:

Wrywing

Enige motor is 'n bewegende stuk wrywing. Daar word die heeltyd probeer om die wrywings teen te werk en te vergemaklik. Voorbeelde van wrywing is die enjin (dele wat gedurig teen mekaar skuur en ratte wat gedurig teen mekaar werk), remme, skokbrekers, bande en rubbers – wat alles help om jou motor veilig te bestuur en jou rit gemaklik te maak.

Al die wrywing veroorsaak slytasie – fyn staalvysels wat in die olie voorkom en wat verdikking veroorsaak. Dit is hoekom die olie en filters gereeld vervang moet word: die filters keer die stof en vuil olie vysels.

Oorspronklike onderdele

Die handelaar is daar om jou te help om jou motor se lewensduur so lank moontlik te maak en hulle kan die oorspronklike onderdele aan jou voorsien.

Opgeleide werktuigkundiges

Verder het die handelaar opgeleide, bekwame werktuigkundiges wat met die regte gereedskap en moderne tegnologie toegerus is om die beste dienste moontlik te kan uitvoer.

Waarborgtydperk

Onthou dat die handelaar deur die vervaardiger goedgekeur en aangestel is om gedurende jou waarborgtydperk enige defekte reg te stel. Hulle moet ook jou diensrekord in stand hou wat beter herverkoopswaarde behoort te verseker.

"Die handelaar is daar om saam met jou trots te wees op die voertuig wat jy gebruik om jouself, jou gesin en jou vriende veilig en sorgvry te vervoer," sê Louis.

Wie's wie in NWK
– Ontmoet Basie van Rensburg

Syfers is sy kos. Basie van Rensburg (50) het oorspronklik in NWK se Departement: Finansies begin werk, 'n paar draaie in ander departemente gemaak en is in 1998 tot Bestuurder: Finansies bevorder.

Basie het sy loopbaan in 1975 by die ouditeursfirma FA Jonker & Vennote begin, sy klerkskap daar gedoen en ook deeltyds deur Unisa sy BCompt- en Hons BCompt-graad verwerf. In 1987 het Basie deel van die NWK-span geword.

As Bestuurder: Finansies is hy onder andere verantwoordelik vir die volgende take van die departement:

- Die ontwikkeling, implementering en instandhouding van die finansiële stelsels van NWK.
- Die konsolidasie van die begrotings van NWK se departemente.
- Finansiële verslagdoening in die volgende formate:
  - Die opstel van maandelikse finansiële state en die vergelyking daarvan met begrotings om afwykings te verklaar. Hierdie bestuursinligting dra by tot ingeligte besluitneming.
  - Die gekonsolideerde halfjaarlikse gepubliseerde finansiële state van die NWK Groep.
  - Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Groep wat ook in die vorm van die gepubliseerde jaarverslag aangebied word.
- Skakeling met banke en kontantvloeibeheer.
- Voldoening aan die Inkomstebelasting-, BTW- en Maatskappywet soos van toepassing.

Hy dien ook op die volgende komitees: Interne Oudit-, Veiligheid- en Risikobeheer-, Poswaarderings-, Kapitaalbestedings- en Ouditkomitee.

Basie van Rensburg

Kontakbesonderhede

Tree met Basie in verbinding by (018) 633-1057 of *pjjvrensburg@nwk.co.za.*

Wen 'n "slow cooker"

'n Gelukkige leser kan 'n "dual pot slow cooker" – ideaal vir die huisvrou – ter waarde van R500 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wat gaan Epko vanaf April vanjaar op Lichtenburg begin verfyn?**

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan:

Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks: **(018) 633-1916** of e-pos: ***jbezuidenhout@nwk.co.za.*** Inskrywings moet Johan voor of op 19 Mei 2006 bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan JH Nel van Lichtenburg wat die wenner van die sesman tent was.

Die prystrekking is deur PricewaterhouseCoopers, Lichtenburg behartig.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

_____

Reëls

Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie. • Slegs een inskrywing per persoon. • Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *Koördinaat* verskyn. • Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word. • Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.

Maak 'n draai by ons
- Nampo Oesdag 2006

NWK nooi graag al sy klante om hulle weer vanjaar te besoek tydens die Nampo Oesdag vanaf 16 - 19 Mei 2006. NWK se uitstalling is te sien in die Nampo-saal. Die personeel van die onderskeie departemente, soos Versekering, Handel, Graanbemarking en Landboubestuursdienste, staan gereed om besoekers met raad en daad te bedien.

Volgens Johan Bezuidenhout (Bestuurder: Bemarkingsdienste) sal daar vanjaar by die uitstalling 'n paar nuwighede wees wat nie verlede jaar daar te siene was nie.

Onthou jou afspraak met NWK by Nampo 2006.

OUD-HOOFBESTUURDER OORLEDE

NWK se vorige Hoofbestuurder, dr Andries Scholtz, is onlangs in die ouderdom van 77 jaar oorlede. Dr Scholtz was vanaf 1975 tot 1989 Hoofbestuurder van NWK. Hy het op verskeie komitees, rade en ander liggame, soos die Mielieraad en verskeie Suid-Afrikaanse rade, gedien en was direkteur van verskeie ondernemings. Hy word oorleef deur sy vrou, Sophie, twee seuns en 'n dogter.



NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*

Estie Steyn (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*

Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks We make marketing ideas fly

Alle regte van die inhoud van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.